# GEBEURTENISSE IN DIE KUNSWERELD

## ONS OU BOUSTYL ONS EIE NES AFRIKAANSE TAAL

### Belangwekkende Mening van Mnr. Gerard Moerdyk


Oor die vraag of die Kaaps-Hollandse boustyl ons land eie is, het die bekende argitek, mnr. Gerard Moerdyk, wat 'n menigte kerke op sy rekening het, in die loop van 'n onderhoud met ons Pretoriase verteenwoordiger gesê dat daardie boutrant netso Suid-Afrikaans is as die Afrikaanse taal en die Afrikanerbees. Hy voeg daarby dat die Kaaps-Hollandse huis natuurlik geen uitheemse agtergrond mis nie.

„Die vraag of die boustyl wat by ons as Kaaps-Hollands bekend staan, 'n egte Afrikaanse boustyl is

weer uit die Renaissance voortgekom het, wat weer van die Romeinse boukuns afstam.

WAT KAAPSTAD EIE IS.

„Die Barok-styl het in Europa sy verskillende vertakkinge gehad en daar is in daardie tydperk 'n groot ooreenkoms tussen die uitinge in uiteenlopende lande soos Nederland, Vlaandere, Frankryk, Duitsland en Pole. Ons Kaaps-Hollandse gewel se onmiddellike voorouer is die Vlaams-Hollandse gewel en as sodanig is hy familie van die hele Barok-argitektuur.



*'n Ou woonhuis op Tulbagh met tipiese Kaaps-Hollandse gewel. Die gebou huisves die Tulbaghse biblioteek.*